# Graan SA Oggend Markkommentaar

| | DATUM 2018/05/25 | DATUM 2018/05/24 | | | + - LAST WEEK 2018/05/07 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Data | Δ | Δ% | Data | Δ% | Data |
| DJIA-index | 24812 | -75.05 | -0.3% | 24887 | 3.7% | 23930 |
| Goud (Spot) | 1302.26 | 7.16 | 0.6% | 1295.1 | -0.5% | 1309.02 |
| Brent $/vat | 78.88 | -0.67 | -0.8% | 79.55 | 7.6% | 73.33 |
| 1 € / US$ | 1.1705 | 0.00 | -0.2% | 1.1724 | -2.2% | 1.1971 |
| 1 US$ / ZAR | 12.42 | 0.000 | 0.0% | 12.42 | -1.3% | 12.58 |
| Corn | R 1 976.33 | -34 | -1.7% | R 2 010.56 | *CBOT Corn Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Jul 12:00 the previous day | |
| Wheat | R 2 419.60 | -37 | -1.5% | R 2 457.03 | * CBOT Wheat Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Jul 12:00 the previous day | |
| Soybeans | R 4 726.03 | -64 | -1.3% | R 4 789.92 | * CBOT Soy Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jul 12:00 the previous day | |

| Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day) | | | | | Pariteitspryse gelewer in Randfontein | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Corn Jul 18 | 404.20 | -7.00 | -1.7% | 411.20 | | |
| Wheat Jul 18 | 530.20 | -8.20 | -1.5% | 538.40 | | |
| Soybeans Jul 18 | 1035.60 | -14.00 | -1.3% | 1049.60 | | |
| PLAASLIKE MARKINLIGTING | | | | | Invoerpariteit | Uitvoerpariteit |
| SORGHUM May '18 | 3103.00 | 0.00 | 0.0% | 3103.00 | 3554.00 | 1674.00 |
| WMAZ May 18 | 2146.00 | 18.00 | 0.8% | 2128.00 | 3581.00 | 1899.00 |
| WMAZ Jul 18 | 2157.00 | 17.00 | 0.8% | 2140.00 | 3556.00 | 1874.00 |
| WMAZ Sep 18 | 2207.00 | 15.00 | 0.7% | 2192.00 | 3598.00 | 1915.00 |
| YMAZ May 18 | 2224.00 | 6.00 | 0.3% | 2218.00 | 3492.00 | 1774.00 |
| YMAZ Jul 18 | 2260.00 | 14.00 | 0.6% | 2246.00 | 3556.00 | 1874.00 |
| YMAZ Sep 18 | 2305.00 | 14.00 | 0.6% | 2291.00 | 3598.00 | 1915.00 |
| SOY May 18 | 4548.00 | 14.00 | 0.3% | 4534.00 | 6537.00 | 4267.00 |
| SOY Jul 18 | 4615.00 | 13.00 | 0.3% | 4602.00 | 6537.00 | 4259.00 |
| SUN May 18 | 4584.00 | -1.00 | 0.0% | 4585.00 | 6013.00 | 4246.00 |
| SUN Jul 18 | 4662.00 | 2.00 | 0.0% | 4660.00 | 6537.00 | 4259.00 |
| WHEAT May 18 | 3914.00 | -21.00 | -0.5% | 3935.00 | 4095.00 | 2732.00 |
| WHEAT Jul 18 | 3908.00 | -44.00 | -1.1% | 3952.00 | 4708.00 | 2469.00 |
| WHEAT Sep 18 | 3904.00 | -18.00 | -0.5% | 3922.00 | 4796.00 | 2555.00 |

| BY DIE GELD PUT OPSIE | | | |
|---|---|---|---|
| | WM | YM | |
| JULIE '18 TERMYNPRYS | R 2 157.00 | R 2 260.00 | |
| PUT TREFPRYS | R 2 160.00 | R 2 260.00 | |
| PUT PREMIE | R 62.98 | R 60.42 | |
| | | | |
| MINIMUM SAFEX PRYS | R 2 097.02 | R 2 199.58 | |

| WEEK NR. | MIELIE UITVOERE | | |
|---|---|---|---|
| 3 | WM | YM | TM |
| WEEK TOTAAL | 8 221 | 2 198 | 10 419 |
| JTD TOTAAL | 83 599 | 8 280 | 91 879 |
| UITVOERBAAR | 1 630 000 | 2 550 000 | 4 180 000 |
| JTD AS % VAN UITVOERBAAR | 5% | 0% | 2% |
| TEMPO/WEEK BENODIG | 31 559 | 51 872 | 83 431 |
| | MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS | | |
| WEEK TOTAAL | 64 090 | 80 473 | 144 563 |
| JTD TOTAAL | 206 570 | 271 553 | 478 123 |
| NOK SKATTING + REGSTELLINGS | 6 379 660 | 5 797 150 | 12 176 810 |
| % GELEWER VAN OES | 3% | 5% | 4% |
| TEMPO /WEEK BENODIG | 150 563 | 134 771 | 285 334 |
| | KORING INVOERE | | |
| | 2017/18 | 2016/17 | 5 Jr. GEM |
| WEEK TOTAAL | 66 614 | 16 432 | 16 332 |
| JTD TOTAAL | 1 236 451 | 487 584 | 971 083 |
| TOTAAL BENODIG | 1 930 000 | 930 728 | 1 622 999 |
| JTD AS % VAN BENODIG | 64% | 52% | 60% |

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

**Mark oorsig:** Die rand verhandel vanoggend teen R12.42/$ wat onveranderd is vanaf die vlakke waarteen dit gister middag met marksluiting verhandel het. Die rand het die laaste maand baie volatiliteit getoon en het meestal reageer op internasionale faktore wat die aarde van die doller beïnvloed het. In die plaaslike ekonomie se nuus wat die week bekend gemaak was is gerapporteer dat die verbruikersprys inflasie vir April 2018 4.5% toegeneem het terwyl dit gedurende Maart 3.8% jaar op jaar was. Die inflasiekoers is tans reg in die middel tussen die Reserwebank se teikenvlakke van 3 – 6%. Die SARB het die rentekoerse onveranderd gelaat met die repo uitleenkoers teen 6% en die verwagting is dat die rentekoerse stabiel behoort te bly gedurende die res van 2018 met 'n geringe kans van 'n moontlike verlaging. Die wisselkoers en die Brent ruolie prys is die grootste faktore wat 'n impak sal hê op die besluit rakende die rentekoerse aa ngesien dit 'n noemenswaardige impak kan hê op die inflasiekoerse.

**Mielies:** Die Amerikaanse mieliemark het gister onder druk gekom en het laer gesluit vir die dag nadat dit vroeër hierdie week nuwe maa ndelikse hoogtepunte bereik het sedert die vlakke waarteen dit in 2016 laas verhandel het. Die mark het aanvanklik sterker oopgemaak, maar kon nie aan die ondersteuning vashou nie en die mark het onder druk gekom deur die loop van die dag. In gister se weeklikse uitvoerverkope verslag wat deur die USDA bekend gemaak was is die uitvoerverkope vir die week op 1.127 miljoen ton gerapporte er wat beide ou en nuwe seisoen verkope insluit. Die ou seisoen verkope was ongeveer 13% laer as die vorige week se verkope, maar 3% meer as die 4 weke gemiddeld. Die uitvoerverskepings vir die week wa s hoër as die verkope gewees, maar 6% laer as die vorige week se verskepings. Meksiko was dig grootste ontvanger van Amerikaanse mielies vir die week. Die mielie invoere na die Europese Unie vir die seisoen tot datum is ongeveer 44% hoër as dieselfde tyd van die seisoen verlede jaar. Die verwagting in Brasilië is dat die mielie produksie vir die seisoen ongeveer 3 miljoen ton laer kan wees as verlede seisoen se produksie. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is van beide wit en geelmielies.

**Sojabone:** Die Amerikaanse sojaboonpryse het gister ook onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag. Die weeklikse uitvoerverkopewas ook nie so gunstig gewees nie. In gister se weeklikse uitvoerverkope verslag was die weeklikse verkope op 138 000 ton se ou seisoen sojabone gerapporteer terwyl die nuwe seisoen u itvoerverkope wat gerapporteer was baie laag was. Privaat uitvoerders het wel daaglikse verkope aan die USDA gerapporteer van 263 000 ton vir lewering aan onbekende bestemmings in die 2018/19 bemarkings eisoen. Die weeklikse uitvoerverskepings was egter baie beter gewees vir die week en die weeklikse verskepings was 56% hoër as die vorige week se verskepings en 65% meer as die 4 weke gemiddeld. Sjina was die grootste ontvanger van Amerikaanse sojabone vir die week. Die EU se sojaboon invoere vir die seisoen tot dusver is 6% laer as verlede seisoen se invoere terwyl die sojaboonmeel invoere vi r die seisoen tot dusver ongeveer 3.5% meer is as verlede seisoen se invoere. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is. Die prysbeweging vir die dag was egter nie so groot gewees nie.

**Koring:** Die Amerikaanse koringmark het die afgelope week weer nuwe hoogtepunte bereik, maar het gister onder druk gekom om laer te verhandel vir die dag. Die Amerikaanse koringpryse verhandel egter steeds hoër oor die afgelope twee weke. Die weeklikse uitvoerverkope wat gister gerapporteer was deur die USDA is ongeveer 45 1 785 ton wat beide ou en nuwe seisoen verkope insluit. Die weeklikse uitvoerverskepings was ongeveer 12% laer as verlede week se uitvoerverskepings en 10% laer as die 4 weke gemiddeld. Suid Kore a was die grootste ontvanger van Amerikaanse koring vir die week. Die Europese Unie se sagte koring uitvoere vir die seisoen is ongeveer 20% laer as teen dieselfde tyd van die seisoen 'n jaar gele de. Die verwagting in Argentinië is dat daar meer koring vir die seisoen daar aangeplant sal word. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister onder druk gekom en het laer gesluit vir die dag in meeste van die kontrak maande wat tan s gelys is. Die koring invoer tarief is gister aangepas en was eers laer aangepas tot en met die trigger van R293/ton voordat dit weer na die laaste trigger van R437/ton toe aangepa s was. Die tarief wat tans in werking is, is egter R437/ton.

**Plaaslike Markinsigte & Data:** www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za
**Internasionale Markinsigte & Data:** www.usda.co.za

*Opgestel deur* *Luan van der Walt en Ikageng Maluleke* / *Vir navrae, kontak: luan@grainsa.co.za*

Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek



*Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.*